

## HOOFSTUK V

### SLAWEARBEID, 'N BOUSTEEN IN DIE KAAPSE KULTUUR

Volgens De Bruyne kan kultuur gedefinieer word as die omvorming en onderwerping van die natuur, danksy die arbeid van die geestelik-bepaalde wese (die mens) met die oog op die skep van goedere wat in hulleself waardevol is en as sodanig deur die gemeenskap aanvaar word.<sup>1</sup> Hiervolgens is alle sinvolle arbeid dus kultuur “van sowel dié van die landbouer as die geleerde, die messelaar as die kunstenaar”, aldus professor De Vos.<sup>2</sup> Kultuurskepping impliseer aktiwiteit en kraginspanning deur ‘n enkeling of ‘n groep enkelinge<sup>3</sup> waarvan die resultaat deur die gemeenskap aanvaar en gekonsumeer word.

As sodanig het die Kaapse slawe inderdaad deur ‘n kombinasie van talent en gedwonge fisiese arbeid of kraginspanning nuttige stoflike en nie-stoflike kultuur geskep wat deur die breë gemeenskap aanvaar en ‘n onmiskenbare deel van die Kaapse kultuur geword het. As huisbediendes, kokke, kleinhandelaars of straatverkopers, vissers, ambagslui en dies meer het hulle ‘n belangrike en onmiskenbare bydrae tot die Kaapse ekonomie en kultuur gelewer. Kultuurprodukte wat uit die arbeid van slawe voortgevloei het, het ‘n inherente en onvervreembare deel van die Kaapse kultuur geword.

#### Afhanklikheid van slawearbeid

Die rol wat slawe van die sewentiende tot die negentiende eeu aan die Kaap op arbeidsgebied gespeel het, is onteenseglik enorm. Van die sewentiende eeu toe hulle ingevoer is om volgens Jan van Riebeeck “het vuyjste ende swaerste werck in plaetse van de Nederlanders”<sup>4</sup> te doen en as oplossing vir die arbeidsprobleem aan die Kaap te dien tot met hulle amptelike vrystelling in 1834 het die rol van die Kaapse slawe progressief toegeneem. Die Kaapse ekonomie het in ‘n groot mate op slawearbeid berus en vir die meeste Kapenaars was slawearbeid dié belangrikste faktor in hulle huishoudelike, boerdery- en besigheidsbelange. Besoekers en reisigers het telkens na die prominente rol wat slawe op arbeidsgebied aan die Kaap gespeel het, verwys.<sup>5</sup> Teen die einde van die agtiende eeu het Cornelis De Jong opgemerk dat “[w]einige blanken zullen een hand aan den landbouw slaan of den arm in het pakhuis gebruiken; ’t is slavenwerk!”<sup>6</sup> Geen ambagslui het self gewerk nie, want “[d]e slaven doen alles; bakkers-slaven bakken; kleermakers slaven naaijen; schilders-slaven verwen; die der

<sup>1</sup> E. de Bruyne, *Wat is kultuur?* p. 15.

<sup>2</sup> H. de Vos, Inleiding tot de wijsbegeerte, soos aangehaal in P.G. Nel, *Kultuurfilosofie, Kultuurbeskouings en Kultuurgeskiedenis*, p. 3.

<sup>3</sup> E. de Bruyne, *Wat is kultuur?* p. 14.

<sup>4</sup> H.C.V. Leibbrandt (red.), *Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, I, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 45.

<sup>5</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 247 en 255; J. Campbell, *Travels in South Africa undertaken at the request of the Missionary Society*, pp. 85 - 86 en 321 - 322; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope and the East Indies*, p. 60.

<sup>6</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 134.

timmerlieden timmeren ...”<sup>7</sup> John Barrow het onomwonde verklaar dat die Kapenaars hulle lewensbestaan hoofsaaklik uit die arbeid van hulle slawe maak,<sup>8</sup> terwyl die outeur van *Gleanings in Africa* opgemerk het dat slawearbeid grootliks die onderhoud van die eienaar en sy gesin verseker het. Daarbenewens was hy van mening dat “[f]rom the sweat of their brow, gold is distilled into the pockets of their master”.<sup>9</sup> In die vroeë negentiende eeu verklaar Hinrich Lichtenstein: “... nothing is done but by the hands of slaves”,<sup>10</sup> terwyl Teenstra in 1852 hierdie tendens bevestig: “Alles wordt hier door slaven verrigt, terwyl men hun alles toevertrouwt ...”<sup>11</sup> Hier ziet men bij boer en burger ter bediening eene menigte slaven.”<sup>12</sup> In ‘n brief aan sy ouers het die jong Britse immigrant Crout in 1826 onder meer opgemerk dat daar van geen blanke persoon in Kaapstad verwag is om harde arbeid te verrig nie, “for it is done by slaves”.<sup>13</sup> Aan die Kaap was slawearbeid dus ‘n onvermydelike noodsaaklikheid<sup>14</sup> en het as sodanig ‘n invloed op die Kaapse lewe en kultuur uitgeoefen.

### Stereotipering ten opsigte van arbeid

Deeglik bewus van die geografiese en kulturele heterogeniteit van die Kaapse slawe, het die nedersetters, amptenare, burgers en besoekers bepaalde persepsies van die onderskeie slawegroepe gevorm wat veral met bepaalde aanlegte vir sekere tipes arbeid verband gehou het. Die gevolg was dat stereotipering volgens somatiese faktore van geografiese herkoms en afkoms mettertyd ‘n algemene wyse was om die Kaapse slawe, veral wat aard en arbeid betref, te klassifiseer.<sup>15</sup> Stereotipering ten opsigte van geografiese oorsprong en die dienoreenkomstige assosiasie met bepaalde tipes arbeid en die gevolglike arbeidstoekening het veral tydens die agtiende eeu sterk na vore getree om kort voor die afskaffing van die oorsese slawehandel in 1808 ‘n hoogtepunt te bereik.<sup>16</sup> Teen die einde van die agtiende eeu het Robert Percival ‘n duidelike en omvattende arbeidsverdeling ten opsigte van die geografiese herkoms of oorsprong van Kaapse slawe gegee,<sup>17</sup> terwyl Hudson op die hoogtepunt van stereotipering volgens geografiese herkoms in 1806 met die volgende insiggewende arbeidsklassifikasie van Kaapse slawe vorendag gekom het:

The [Mosambique] slaves are therefore more useful in the colony for hard

<sup>7</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, I, p. 148.

<sup>8</sup> J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 386.

<sup>9</sup> *Gleanings in Africa*, p. 66.

<sup>10</sup> H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806*, I, p. 50.

<sup>11</sup> M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamhede*, p. 200.

<sup>12</sup> *Ibid.*, p. 395.

<sup>13</sup> U. Long, *Index to authors of unofficial, privately-owned manuscripts relating to the history of South Africa, 1812 - 1920*, pp. 88 - 91.

<sup>14</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 126.

<sup>15</sup> R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 19 - 22; J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 89; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 409.

<sup>16</sup> R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 21.

<sup>17</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 285 - 291.

labour and all agricultural concerns. Some of them are very ingenious and make excellent workmen. They are capable of conveying heavy burthens ... Each slave is put to a particular employment: The Mosambiques carry water, fetch wood, serve as masons, labourers, coolies and indeed, are generally set to the common drudgery of outdoor work though many of them are extremely serviceable. I have seen good carpenters, mason, markers at billiard tables, cooks, stable boys, in short, every kind of tradesmen form this race ... The Malays certainly are much superior in all kinds of works where a ready imagination and genius is required ... [For] this readiness in all kinds of business they are preferred by the Dutch inhabitants of all others ... The *Bouganese* ... are employed by the butchers and for the most disagreeable offices of slavery.<sup>18</sup>

Sedert die afskaffing van die oorsese slawehandel in 1808 het daar 'n verandering in die klassifikasie van Kaapse slawe ingetree. Hierna het stereotipering op grond van afkoms en ras plaasgevind. Rassebewustheid wat met verloop van die agtiende eeu aan die Kaap begin kop uitsteek het, het teen 1820 'n hoogtepunt bereik.<sup>19</sup> Dit blyk duidelik uit 'n beskrywing wat William Bird in 1822 van die onderskeie slawegroepe gegee het:

Slaves at the Cape may be divided into three classes: the Negro, the Malay, and the Africander. The Negro who is the least valuable, was brought from Madagascar and Mosambique. These slaves are chiefly hewers and carriers of wood, and drawers of water, coolies, or public porters for hire, and also employed by the boers, and others, as the hardiest labourers of the field. The females are washing-women, and engaged in other employments requiring strength of limb and body.<sup>20</sup>

Beide die terme "Negro" en "Africander" dui op 'n rassekonnotasie. Wat die term "Africander" betref, het die kreolisering van Kaapse slawe teen die 1780's versnel tot die meerderheid slawe teen die 1820's kreools (verinheems) was en in die opsig as onder meer "Afrikanders" geklassifiseer is.<sup>21</sup> Die term "kreool" was sinoniem met "mulat".<sup>22</sup> Die terminologie "Afrikageborene" of "Van de Kaap" het veral vanaf dié tyd 'n prominente plek in die klassifikasie van die Kaapse slawe ingeneem. Bird het die sogenaamde "Afrikagebore" slaaf, wat die produk van 'n Europeërman en 'n slavin was, as die waardevolste van die slawe beskryf. Volgens hom het hulle voorkeur by die Kapenaars geniet en is gewoonlik in die huislike sfeer sowel as vir vertroulike take in die huis, winkels en goederestore aangewend.<sup>23</sup> In die 1780's het Francois Le Vaillant opgemerk dat die akkerbouboere die arbeid van Neger-slawe bo dié van die Khoikhoi verkies het, aangesien hulle flukser, lojaler en meer

<sup>18</sup> R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, pp. 46 - 50.

<sup>19</sup> R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 23.

<sup>20</sup> W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

<sup>21</sup> R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 25; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 160.

<sup>22</sup> R.C.-H. Shell, The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 25.

<sup>23</sup> W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 73.

betroubaar as die Khoikhoi was wat by vermoede van werk, weggeloop en hulle eienaars op die mees ongeleë tye in die steek gelaat het.<sup>24</sup>

Die stereotipering van Kaapse slawe volgens geografiese oorsprong is dus vervang deur 'n vereenvoudigde klassifikasiesistelsel wat op afkoms en ras gebaseer was om by 'n oorwegend Kaapsgebore slawebevolking aan te pas.<sup>25</sup> Teen die negentiende eeu was dit 'n natuurlike gebruik om slawe van Afrika en Madagaskar in die landbou en veral as akkerbouers aan te wend, terwyl die slawe van Indonesië die ambagslui, die Indiese slawe oorwegend die diensleweraars en die Kaapsgebore en mulat slawe as huisbediendes en handwerklui aangewend is.<sup>26</sup>

## Arbeidsfere en -sektore

Terwyl die geografiese herkoms en ras die toekenning van arbeid aan die onderskeie slawe beïnvloed het, het die nerings en gepaardgaande arbeidsbehoefes van die slawebesitter binne 'n bepaalde streek die arbeidsfeer en -sektor waarbinne die slaaf hom bevind het, bepaal. Soos reeds vermeld, was daar teen die einde van die agtiende eeu streeksverskille in die Kaapkolonie waarneembaar en kon drie kultuurstreke duidelik onderskei word, naamlik die stedelike gebied met Kaapstad as middelpunt, die Suidwes-Kaapse akkerbougebied en die oorwegend veeboerstreke van die afgeleë binneland.<sup>27</sup> Die slaaf het hom dus binne 'n bepaalde streek bevind waar hy òf die eiendom van die Kompanjie òf van 'n privaateienaar, wat burgers sowel as amptenare ingesluit het, was. Privaateienaars het hulle in bepaalde arbeidsektore bevind wat 'n belangrike rol in die toekenning van arbeid aan slawe binne 'n bepaalde streek gespeel het. Streek, eenaar sowel as geografiese en kulturele oorsprong of afkoms van die slaaf was dus bepalende faktore in die klassifikasie en aard van slawearbeid aan die Kaap.

### 1. Slawearbeid in stedelike gebied

Regering-, sowel as privaatslawe het 'n belangrike rol in Kaapstad as administratiewe, sowel as handelsentrum gespeel. Arbeid het oorwegend die lewering van dienste behels, alhoewel 'n aansienlike aantal geskoolde slaweambasglui in Kaapstad woonagtig was.<sup>28</sup>

#### a. Kompanjie- of regeringslawe

Teen die middel van die agtiende eeu was 'n derde van die werkende Kaapstadse slawe in diens van die Kompanjie. Die meerderheid Kompanjieslawe het in Kaapstad gewerk, terwyl sommige by die Kompanjiesbuiteposte gestasioneer en ander aan burgers uitgehuur is.<sup>29</sup> In Kaapstad het die Kompanjieslawe 'n onmisbare rol in die effektiewe funksionering van die

<sup>24</sup> F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 100.

<sup>25</sup> R.C.-H. Shell, *The tower of Babel: the slave trade and creolization at the Cape, 1652 - 1834*, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 24.

<sup>26</sup> *Ibid.*, p. 22; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 409.

<sup>27</sup> R. Elphick en R. Shell, *Onderlinge groepverhoudinge: Khoikhoi, koloniste, slawe en vryswartes, 1652 - 1795*, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 167 en 172.

<sup>28</sup> N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 36.

<sup>29</sup> *Ibid.*, pp. 9, 39 en 83.

VOC gespeel. Die meerderheid was as **algemene arbeiders** betrokke by 'n wye verskeidenheid take, soos die bou van paaie, damme en geboue, die ontbossing van veld vir die aanplant van bome en die aanlê van landerye,<sup>30</sup> die kap, saag en vervoer van timmer- en brandhout,<sup>31</sup> die kap van bouklip in die steengroewe,<sup>32</sup> maak van stene en teëls,<sup>33</sup> insameling van skulpe<sup>34</sup> en brand van skulpkalk; die skraap, bymeekaarmaak en vervoer van sout na die Kompanjiesstore<sup>35</sup> en die vang van springkane by Rondebosch en Rustenburg.<sup>36</sup> Ander was myners, grafgrawers, kruiers, riool- en vullisverwyderaars, dok- en hawewerkers, wadrywers, werkers in die store, pakhuisse en skure, die graanmeulens, melkerye, stalle, waterwerke, wynkelders, bakkerie, die slagtery en kombuis.<sup>37</sup> In 1693 was die halfslag slaaf Andries in die slagtery werksaam, terwyl die hospitaalkombuis hoofsaaklik deur heerslag slawe, soos Asiam Chinees, Pedro Mauoa, Ninman van Balie en Meheitzou van Madagaskar, beman is. Sevelen van Madagaskar het die losiekombuis bestuur.<sup>38</sup> Een of twee slawe is aan die koster van die Kaapse Kerk toegewys om die kerkklok op Sondae en Christelike vakansiedae te lui.<sup>39</sup> 'n Paar slawe was assistente van die wameester,<sup>40</sup> terwyl ander in die kasteel, kasernes, fortifikasies, die drukkerie, by die provoos, die pompmaker, die sipier en dokter diens verrig het.<sup>41</sup> Slawe was ook behulpsaam met die aflaai van skeepsvrage,<sup>42</sup> terwyl hulle met die aankoms van vaartuie die ernstig siekes "ten dele op hunnen rug en ten dele op lichte planken" na die hospitaal moes dra.<sup>43</sup> Daarbenewens het Kompanjieslawe hulle plek as **hospitaalwerkers** volgestaan.<sup>44</sup> In 1692 word 'n halfslag slaaf en drie bandiete as hospitaalwerkers aangedui, terwyl elf regeringslawe

<sup>30</sup> J.A. van Riebeeck, *Dagregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 39.

<sup>31</sup> R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 3; H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 82 en 83; A.J. Böeseke (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 193; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 37.

<sup>32</sup> A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 50.

<sup>33</sup> V. de Kock, *Those in bondage*, p. 57; A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 50.

<sup>34</sup> G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651 - 1687*, p. 152.

<sup>35</sup> A.J. Böeseke (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 308.

<sup>36</sup> V. de Kock, *Those in bondage*, p. 57.

<sup>37</sup> *Loc. cit.*; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 249 en 296; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 117; K.A.B.: SO. 7/34, pp. 2 - 6: Lyst van de Gouvernements Slaven en derselver Posten ... , 1802-12-30.

<sup>38</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 187

<sup>39</sup> R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 3; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 123.

<sup>40</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 249.

<sup>41</sup> K.A.B.: SO. 7/34, pp. 2 - 5: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ... , 1802-12-30.

<sup>42</sup> A.J. Böeseke (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 376.

<sup>43</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 262.

<sup>44</sup> G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 88.

in 1802 in die hospitaal werksaam was.<sup>45</sup> Hulle het beide die siek Europeërs, sowel as die slawe verpleeg. Ses tot tien slawe verpleërs het mekaar dag en nag afgelos en hulle werk het die aandra van medisyne, die bediening van tee, koffie, water en maaltye, die toemaak en versorging van pasiënte in die nag, hulp aan invalides, die rapportering van verswakkende en sterwende pasiënte aan die dokter, die verskuiwing van gestorwe pasiënte uit die sale en die grawe van grafte behels. Daarbenewens moes hulle kook en bak, die hospitaal se vloer was en skrop sowel as die beddegoed was.<sup>46</sup> Alhoewel daar aanvanklik drie slawemans en drie slavinne as verpleërs aangestel is, is die aanwending van slavinne as verpleegsters van manspasiënte in 1716 ingevolge 'n resoluësie van die Politieke Raad gestaak nadat sekere ongerymdhede tussen verpleegsters en manspasiënte aan die lig gekom het.<sup>47</sup> Sestien slawemans sou voortaan die rol as verpleërs vervul.<sup>48</sup> In 1693 was die heelslag slaaf Isaa in die apteek werksaam, terwyl Jan van die Kaap as apteekwerker gemoeid was met die uitdeel van medisyne.<sup>49</sup> Daarbenewens het van die Kompanjieslavinne op 'n maandelikse basis medisinalre kruie vir die hospitaalapteek gepluk.<sup>50</sup> In 1795 was 'n slawevroedvrou in diens van die Kompanjie.<sup>51</sup>

Daar is veral op ambagsgebied 'n sterk beroep op slawearbeid gemaak. Reeds op 28 Desember 1676 is 'n opleidingsprogram vir **slaweambagslui** deur die Politieke Raad geloods wat in 'n resoluësie verwoord is:

Wert nog wijders in Rade g'arresteert om d' E.Comp. met ter tijt volgens de goede intentie van onse Heeren Majores in 't vaderlant wat van 't hier zijnde guarnisoen t' ontlasten bij yeder baas, 't sij smith, timmerman, metselaer &a, ten den eijnde toe te voegen twee of meer en van de gaanste swarte jongetjies die om soodanige ambagten te leeren 't bequamst bevonden worden om d' E.Comp. bij tijt en wijlen in de hand te coomen.<sup>52</sup>

In Maart 1681 het Rijklof van Goens 'n soortgelyke voorstel aan Simon van der Stel gemaak. Hiervolgens moes geskoolde slaweambagslui die hoogbetaalde garnisoensambagslui vervang, aangesien dit meer ekonomies vir die Kompanjie sou wees. In sy lang lys instruksies aan Simon van der Stel, het H.A. van Rheede in 1685 onder meer aanbeveel dat die 58 halfslag slawekinders wat Europeërvaders gehad het as ambagslui opgelei en op 25-jarige ouderdom vrygestel moes word. As vry persone sou die mulatte deur voortgesette arbeid aan die Kompanjie in die dringende behoefte aan ambagslui en ander opgeleide werkers voorsien.<sup>53</sup>

<sup>45</sup> K.A.B.: SO. 7/34, p. 2: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ... , 1802-12-30.

<sup>46</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 227 - 228; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 111 - 114.

<sup>47</sup> G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 88.

<sup>48</sup> V. de Kock, *Those in bondage*, p. 57.

<sup>49</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 187.

<sup>50</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 194.

<sup>51</sup> R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 3.


<sup>52</sup> A.J. Böeseke (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 164.

<sup>53</sup> A.J. Böeseke (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, pp. 147 - 156 en 189.

Alhoewel nie in detail uitvoering aan bogenoemde voorstelle en instruksies gegee is nie, het Kompanjieslawe wel as vakleerlinge diens in die werksinkels verrig, waar hulle as smede, pompmakers, wabouers, kuipers, skrynwerkers, meubelbouers, saal- en tuiemakers, mesmakers, pottebakkers, kleremakers, skoenmakers en boekbinders opgelei is.<sup>54</sup> Daar was selfs sprake van 'n Kompanjieslaaf wat 'n kersmaker was.<sup>55</sup> Onder leiding van bekwame meestersvakmanne het slawe die ambagte van klipkappers en -bewerke, messelaars, pleisteraars, verwers en dakdekkers geleer.<sup>56</sup> Die aanvanklike fort, waarvan die bouery kort na Van Riebeeck se aankoms in Tafelbaai in 1652 'n aanvang geneem het, is nie soseer deur slawearbeid opgerig nie, aangesien die eerste aansienlike groep slawe eers in 1658 by die Kaap voet aan wal gesit het. Met die oprigting van die Kasteel met sy vyf bastions, waarvan die bouery in 1666 begin is, het slawearbeid wel 'n belangrike rol gespeel.<sup>57</sup> Kompanjieslawe is op 'n deurlopende basis vir bouwerk aangewend om die versterkings aan die Kaap op te knap en te vergroot.<sup>58</sup>

Die arbeid van Kompanjieslawe is intensief aangewend om in een van die doelstellings van die nedersetting, naamlik die verskaffing van vars vrugte, groente en ander voedselvoorrade aan besoekende Kompanjieskepe, te voldoen. Vir dié doeleindes is talle slawe in die land- of tuinbousektor aangewend. Sommige was **pluinveeversorgers**, terwyl ander as **tuiniers** en **tuinopsigters** in die Kompanjie se tuine te Kaapstad, Rondebosch en Nuweland diens gedoen het.<sup>59</sup> Hierdie tuine het die aandag van sekere besoekers getrek wat redelik volledige beskrywings daarvan gegee het.<sup>60</sup> In 1685 het Van Rhee de in sy joernaal die Kompanjies tuin te Rondebosch as “ ’s Compagnie’s boomgaert [vrugteboord]” beskryf wat deur 'n baastuinier, sewe slawe en twaalf slavinne bewerk is,<sup>61</sup> terwyl Mentzel in die agtiende eeu beide die tuine te Rondebosch en Nuweland as “kombuistuine” bestempel het, “ ... well stocked with

- 
- <sup>54</sup> R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 3; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrywing van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 85; K.A.B.: SO. 7/34, pp. 5 - 7: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ... , 1802-12-30; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 37.
- <sup>55</sup> R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 3.
- <sup>56</sup> V. de Kock, *Those in bondage*, p. 57; R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 3; A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 50.
- <sup>57</sup> A.J. Böeseke (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1666, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II*, pp. 237 - 238.
- <sup>58</sup> D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 196.
- <sup>59</sup> R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 3; K.A.B.: SO. 7/34, pp. 1 - 3: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ... , 1802-12-30.
- <sup>60</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrywing van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 239 - 243; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 120 - 121; S. Plummer, A foot-soldier at the Cape in 1801, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 1(2), 1946, p. 38; F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 130 - 131; J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 133.
- <sup>61</sup> A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, joernaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 103.



**Figuur 45:** Plan van die vermaarde Kompanjies tuin aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu, volgens 'n gravure uit Peter Kolbe se reisbeskrywing. Let op die formele uitleg, met 'n klein wingerd (s), rye bome (o,p,q,t) en groente-akkers wat deur 'n buitekanaal omring en by wyse van akwadukte natgelei is.

Uit: P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II* (Amsterdam, 1727), p. 243.



fruit trees” en geskik vir “the supply of the hospital and passing ships ...”<sup>62</sup> Volgens Kolbe was die tuin te Nuweland,

tot niet anders gebruikt, dan tot een moes-tuin, om de schepen met kool, knollen, zalaat en vele andere diergelyke keukenkruiden te verzien, als zynde ten dien einde aangelegt, om dat de gene, die aan de Kaap zelf legt, tot 't beschikken van zoo veel kruiden, als de schepen van noden hebben veel te klein is.<sup>63</sup>

Beide tuine te Nuweland en Rondebosch het in die agtiende eeu min of meer dertig morge (67 akker) beslaan wat onderskeidelik deur ongeveer dertig slawe en slavinne, wat onder bevel van 'n “ervaren tuinman” en onder die toesig van sekere mandoors gestaan het, bewerk is. Hulle werk het onder meer spit, skoffel en die uitroei van onkruid behels.<sup>64</sup>

Dit was die Kompanjiestuin in die stad (Fig. 45) wat veral die aandag van besoekers getrek<sup>65</sup> en op die hoogtepunt daarvan deur Kolbe met verwondering as “den zeer beroemden groten schonen Tuin der Compagnie”<sup>66</sup> sowel as “de vermaardste en fraaiste”<sup>67</sup> besing is. Alhoewel die tuin aanvanklik aangelê is om in die basiese doelstellings van die verversingspos te voldoen deur vars groente aan verbyvarende skepe te voorsien, het dit danksy die leiding van knap Europese hooftuiniers en die deurlopende arbeid van talle slawe, mettertyd tot 'n formele siertuin in die sewentiende eeuse styl ontwikkel. Minder as 'n maand na die eerste besending slawe by die Kaap voet aan wal gesit het, was 24 Angolese slawe, wat uit twaalf mans en twaalf vroue bestaan het, in die tuin werksaam.<sup>68</sup> Tydens Van Rheede se besoek in 1685 het 54 slawe en slavinne onder leiding van 'n Nederlandse tuinier in die tuin gewerk.<sup>69</sup> Uit 'n brief wat Simon van der Stel in 1688 aan die Heeren XVII geskryf het, blyk dit dat daar in dié tyd agtien slawemans en agtien slavinne in dié tuin van ongeveer twintig morge (45 akker) gewerk het.<sup>70</sup> Tydens sy besoek in 1689 het J. Ovington (1654 - 1731) melding gemaak van die goedversorgde Kompanjiestuin waarin 33 slawe werksaam was.<sup>71</sup> Volgens dominee Francois

<sup>62</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 120 - 121.

<sup>63</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, pp. 239 - 240.

<sup>64</sup> *Ibid. II*, pp. 240 en 243.

<sup>65</sup> *Ibid.*, p. 243; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 118; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 299 - 302; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 27 en 34; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, pp. 52 - 54; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 48; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 19; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 116; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCCLXXI, II*, pp. 131 - 132; F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 98 - 130.

<sup>66</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 50.

<sup>67</sup> *Ibid. II*, p. 243.

<sup>68</sup> A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 12.

<sup>69</sup> A.J. Böeseke (red.), *Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 183.

<sup>70</sup> K.A.B.: C. 1381, p. 71: *Uitgaande brieven, 1688-01-27 tot 1688-04-26*.

<sup>71</sup> J. Ovington, *Ovington's description of the Cape*, pp. 108 - 109.

Valentyn (1666 - 1727), wat die Kaap vier maal teen die einde van die sewentiende en die begin van die agtiende eeu besoek het, het 'n groot aantal slawe onder leiding van die hooftuinier, Jan de Hartog, in die Kompanjies tuin gearbei.<sup>72</sup> Kommissaris Simons het in 1708 vasgestel dat 72 slawe nodig is om die tuin te bewerk en in stand te hou.<sup>73</sup> Teen 1781 was daar reeds 75 slawe onder die hooftuinier en sy drie assistente werksaam.<sup>74</sup> Buiten vir die skoonhou van die tuin sowel as die aanplant, versorging, snoei en oes van gewasse, moes die slawetuiniers ook as verspieders en bewakers optree om groente- of vrugtediewe onverwyld aan die owerhede te rapporteer.<sup>75</sup> In 1770 het Stavorinus opgemerk dat talle opsigters en slawe moes toesien dat niemand vrugte pluk of enige van die gewasse beskadig nie, terwyl swaar strawwe vir sodanige oortredings voorgehou is.<sup>76</sup> Die slawe wat die Rondebosse tuin moes bewaak en snags in strooihutte skuil gehou het, was selfs van 'n kwaai hond voorsien om vrugtediewe die skrik op die lyf te jaag.<sup>77</sup> Die slawetuiniers in diens van die Kompanjie het ongetwyfeld 'n rol gespeel in die suksesvolle voorsiening van vars vrugte en groente aan besoekende skepe, sowel as die plaaslike Kompanjie.

Sedert 1658 is slawe as **vissers** deur die Kompanjie ingespan.<sup>78</sup>

In 1795 het 'n opgawe aangetoon dat sewentien slawe "in't Gouvernement" werksaam was. Hiervolgens het hulle heelwaarskynlik as **klerke** diens verrig.<sup>79</sup> Sekere slawe het as **onderwysers** en **matresse** in diens van die Kompanjie opgetree. In 1699 het Claas Cornelisz van die Kaap vir Jan Pasqual as onderwyser in die slawelosie vervang,<sup>80</sup> terwyl Daniël Rodrigo in 1707, na 'n klag deur die strydlustige ds. Le Boucq, deur die Politieke Raad van sy amp as skoolmeester onthef is.<sup>81</sup> Ander slaweonderwysers in die losieskool was Jan van Manda, Hans Jacob van Mariabeen en Christoffel Stents van die Kaap, wat ook as Christoffel van Simosia bekend was.<sup>82</sup> Wat die "matresse" of onderwyseresse betref, was Magriet van die Kaap waarskynlik die eerste halfslag vrou wat as onderwyseres in die slawelosie aangestel is.<sup>83</sup> Die

<sup>72</sup> F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 108 - 110.

<sup>73</sup> C.G. Botha, *Collectanea*, p. 35.

<sup>74</sup> A.J. Böeseke (red.), *Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 150.

<sup>75</sup> F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende I*, p. 106; W. Dampier, *A new voyage round the world*, pp. 123 - 124.

<sup>76</sup> J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 133.

<sup>77</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 241.

<sup>78</sup> H.C.V. Leibbrandt (red.), *Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 24.

<sup>79</sup> R. Ross, *The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, Studies in the History of Cape Town 2*, 1980, p. 3.

<sup>80</sup> H.C.V. Leibbrandt (red.), *Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708, Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 111; A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 170.

<sup>81</sup> A.J. Böeseke (red.), *Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 10.

<sup>82</sup> P.S. du Toit, *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652 - 1795*, pp. 180 - 181.

<sup>83</sup> V. de Kock, *Those in bondage*, p. 102.


Resolusies van die Politieke Raad maak ook melding van die slavinne Presenna van die Kaap, Anna van Jacoba, Armozijn (Klein Armozijn) en Manda wat “matresse” in die losieskool was.<sup>84</sup> Volgens ‘n resoluëie van 1727 het Anna van Dapoer van die Kaap vir tien jaar agtereenvolgend diens “als onder meesteres in ’s Compagnies slave logie tot genoeg en heeft waargenomen”,<sup>85</sup> terwyl Christijn van die Kaap in 1728 as “matresse” genoem word.<sup>86</sup>

Kompanjieslawe is as **tolke** op slawevaart en ondekkingsreise aangewend.<sup>87</sup> Vanaf 1672 is Malgassiese slawe in dié hoedanigheid op Kompanjieslawetogte na Madagaskar gebruik.<sup>88</sup> Mackadan Sijmon, ‘n Arabiese tolk vir die Malgassiese taal, was uiters waardevol op hierdie ekspedisies en het as sodanig spesiale voorregte geniet.<sup>89</sup> Strenggesproke was hy egter nie ‘n slaaf nie. Ander veeltalige slawe wat veral tydens die Malgassiese slawehandel ‘n belangrike rol as tolke gespeel het, was Aje van Clumpong, wat elf tale magtig was, Moegadua van Makassar, wat agt tale, en Jongman van Bali, wat vyf tale kon praat.<sup>90</sup>

Slawe het voorts as **kruiers, gidse, reisassistente en oppassers van trekdiere** vir ontdekkingsreisigers en reisende amptenare diens gedoen.<sup>91</sup> Tydens sy ontdekkingsreise in 1685 na die Koperberg in Namakwaland, is Simon van der Stel deur onder meer ‘n Oosterse balling, Dain Mangale, en sy dienaar sowel as drie slawe vergesel.<sup>92</sup> Tydens die reise wat onderkoopman Willem van Putten en kommissaris Govert Cnoll elk onderskeidelik in 1709 en 1710 na die Hottentots-Holland warmbad onderneem het, is die waens met die oorsteek van die Hottentots-Hollandberge afgelaai en die bagasie deur slawe en Hottentotte teen die steil, moeilik begaanbare bergpas uitgedra.<sup>93</sup> Met die aanvang van haar binnelandse reis op 5 Mei 1798, teken lady Anne Barnard die volgende oor die slawe in die reisgeselskap aan:

“ ... on the front seat of which sat the illustrious *Gasper* on his box ... Charles my little black boy ... appointed *Inspector of the baggage* to be ready to hollow out when any thing dropped ... By him was Hector ... a stupid old

- 
- <sup>84</sup> A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 203.
- <sup>85</sup> G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VII, 1724 - 1728, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 362.
- <sup>86</sup> *Ibid.* VII, p. 440.
- <sup>87</sup> D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 198.
- <sup>88</sup> J.C. Armstrong, *Madagascar and the slave trade in the seventeenth century*, p. 232.
- <sup>89</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 178 - 179.
- <sup>90</sup> H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 29 - 30.
- <sup>91</sup> J.D. Buttner, *Johan Daniel Buttner's account of the Cape, Brief description of Natal, journal extracts on East Indies* (reds. G.S. Nienaber en R. Raven-Heart), p. 68; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCXXIV tot MDCCLXXVIII*, I, p. 49; Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 107.
- <sup>92</sup> A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, *journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 90 - 93.
- <sup>93</sup> C.G. Botha, *Collectanea I*, pp. 60 - 78.



**Figuur 46:** Mentor, die gids wat lady Anne Barnard en haar geselskap tydens 'n bergklimuittstappie vergesel het, volgens 'n afbeelding deur lady Anne Barnard self. Sy het hom as “a most intellectual Slave, who knew the safest paths to ascend by” beskryf.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 46.

Slave belonging to the Coachman ... whose business it was to work thro' all questionable places, see if fords were passable ... run before to observe if the drag was necessary, and to put to rights the harness on any of the refractory leaders. Behind our waggon followed Pawell, and another Charles, a Slave of Mr. Barnards who rode his horse, and led Anne Elizabeth's stud ...<sup>94</sup>

In die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein melding gemaak van vier slawe wat deel van hulle amptelike reis saam met kommissaris De Mist na die binneland was, "... for the service of particular members of the society, or to attend upon the horses".<sup>95</sup> Sommige Kompanjieslawe het as boodskappers, kruiers, assistente en **bediendes** vir besoekers opgetree. Met Kolbe se besoek aan die Kaap tydens die eerste helfte van die agtiende eeu het W.A. van der Stel twee slawe as bediendes aan hom toegewys.<sup>96</sup> Soms is Kompanjieslawe as bediendes en gidse op daguitstappies van amptenare en besoekers saamgeneem, soos die aantal bediendes en slawe wat lady Anne Barnard en haar geselskap op 'n bergklimuitstappie teen Tafelberg vergesel het. Tydens dié klimtog het slawe onder meer die mandjies met die koue vleis en drank gedra,<sup>97</sup> terwyl Mentor (**Fig. 46**) as gids van die bergklimgeselskap opgetree het. Tydens 'n ekskursie na die kruin van Tafelberg is Burchell en sy geselskap ook deur 'n paar slawe vergesel.<sup>98</sup>

Kompanjieslawe het soms as **soldate** 'n militêre funksie vervul in die verdediging van die nedersetting teen die Khoikhoi.<sup>99</sup> Tydens brande is beide Kompanjie- sowel as burgerslawe opgekommandeer om as **brandbestryders** op te tree.<sup>100</sup>

Die sogenaamde *kaffers* of **polisieslawe** was 'n omstrede groep Kompanjieslawe wat oorwegend van Oosterse afkoms was.<sup>101</sup> Beide die amp en naam het in Batavia bestaan en is netso aan die Kaap oorgeneem.<sup>102</sup> In Batavia was die *kaffers* egter slawe uit Afrika. As die uitvoerende arm van die fiskaal, was hulle as assistente van die "geweldigere" (polisie-offisier) die wetstoepassers en vonnisvoltrekkers op beide Europeërs en slawe wat hulle uiters ongewild by albei groepe gemaak het. Hulle is veral deur die slawe gevrees en gehaat. Die

<sup>94</sup> Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 299.

<sup>95</sup> H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806*, pp. 10 - 12.

<sup>96</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 50.

<sup>97</sup> Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 46.

<sup>98</sup> W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa*, pp. 39 - 40 en 48.

<sup>99</sup> H.C.V. Leibbrandt (red.), *Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662*, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 120; G.M. Theal (red.), *Abstract of the debates and resolutions of the Council of Policy at the Cape from 1651 - 1687*, p. 60; A.J. Böeseken (red.), *Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 194.

<sup>100</sup> K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, pp. 90 - 93; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 116 en 133 - 134; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 37.

<sup>101</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 190; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 108; *Ibid. II*, p. 124; R. Ross, *The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, Studies in the History of Cape Town 2*, 1980, pp. 4 - 5; K.A.B.: SO. 7/34, p. 8: *Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ...*, 1802-12-30.

<sup>102</sup> J. la Bree, *De rechterlijke organisatie en rechtsbedeling in Batavia in de XVIIe eeuw*, p. 32.



**Figuur 47:** Die Kaapse laksman, volgens 'n skets deur lady Anne Barnard. Alhoewel hy deel was van die ongewilde en omstrede sogenaamde “kaffers” of polisie-slawe, het dié aantreklike laksman, volgens lady Anne Barnard, respek afgedwing deurdat hy die veroordeeldes “in a far *Superior Style*” as sy voorganger gehang het.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 68.

wapens wat hulle gedra het, het uit 'n swaard met 'n ysterhandvat en 'n "palang" of swaar knuppel bestaan, terwyl hulle grys uniform 'n baadjie met blou lapelle, sowel as 'n onderbaadjie en broek behels het.<sup>103</sup> Terwyl ander slawe streng aan die aandklokkeel onderworpe was en belet is om enige wapens te dra, was dit die *kaffer*-slawe se taak om die Kaapse strate dag en nag gewapend te patroleer, die aandklokkeel af te dwing, orde te handhaaf<sup>104</sup> en oortreders te straf.<sup>105</sup> Slawe wat die openbare wette op straat oortree het of onwettig hout in die Tafelvallei gekap het,<sup>106</sup> kon lyfstraf wat soms met toue deur die *kaffers* toegedien is, te wagte wees.<sup>107</sup> Daarbenewens moes hulle die smokkelhandel hok slaan<sup>108</sup> en die besigheidspersone van tappers en brouers gereeld inspekteer om wanpraktyke, soos die verwatering van drank, te bekamp.<sup>109</sup> Hulle was die amptelike arresteerders van kriminele en die toediensers van lyfstraf,<sup>110</sup> terwyl hulle ook toesighouers oor die veroordeelde slawe by die trapmeule was. In sy beskrywing van die trapmeule het Teenstra in 1825 die *kaffers* onvleiend as "policiedienaar[s] ... , over het algemeen zeer slordig gekleed, groote zuipers en ongevoelige schepsels" beskryf.<sup>111</sup> Die *kaffers* was dus oor die algemeen nie van onbesproke karakter nie en het die wet meesal op 'n growwe wyse, sonder aansiens des persoons, op alle inwoners en besoekers afgedwing wat ongetwyfeld tot hulle ongewildheid bygedra het.<sup>112</sup> As assistente van die vonnisvoltrekker was die *kaffers* gemoeid met die toepassing van die ongenaakbare strawwe wat deur die Kaapse howe opgelê is. Talle vonnisse is afgesluit met die bewoording "om aan die vonnisvoltrekker oorhandig te word en deur die *kaffers* geslaan te word".<sup>113</sup> Grusame voltrekkings van die doodstraf is deur die *kaffers* uitgevoer wat onder meer radbraking, kruisiging, verminking, verwurging, verbranding en die hang van veroordeeldes behels het.<sup>114</sup> Teen die einde van die agtiende eeu het lady Anne Barnard egter die Kaapse laksman (**Fig. 47**), wat ook die "eggenote" van die onderkok in die Barnard-huishouding was, as aantreklik met "one of the best, most spirited and sweetest countenances I have seen amongst the Slaves" beskryf.<sup>115</sup> Voorts het hy respek afgedwing "as he never distressed the criminals who were to be executed by any blunder, but hanged them up

<sup>103</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 124.

<sup>104</sup> R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the history of Cape Town* 2, 1980, p. 4.

<sup>105</sup> K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 7; S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek IV*, p. 249; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, p. 216; H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 316 - 317.

<sup>106</sup> K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, pp. 104 - 105.

<sup>107</sup> *Ibid.* III, p. 64.

<sup>108</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 124; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 109.

<sup>109</sup> K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, pp. 104 - 105.

<sup>110</sup> R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 4.

<sup>111</sup> M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 309.

<sup>112</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 191.

<sup>113</sup> *Loc. cit.*

<sup>114</sup> V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 169 - 185.

<sup>115</sup> Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 211.

in a far *Superior Style* as I was told to his predecessor".<sup>116</sup> In 1802 het twee regeringslawe die taak as "scherpregeters" aan die Kaap gehad.<sup>117</sup> Daarbenewens was hulle verantwoordelik vir die grusame en bisarre tentoonstelling van die lyke van veroordeeldes wat as waarskuwing aan voornemende oortreders moes dien.<sup>118</sup> Soos reeds elders vermeld, was die *kaffers* verantwoordelik vir die toediening van lyfstraf aan slawe in privaatbesit wat deur hulle eenaars weens huishoudelike oortredings na die fisikaal gestuur is.<sup>119</sup> Vir hulle werk is dié slawe met kleinerige toegifte beloon.<sup>120</sup>

Die *kaffers* het hulle gedurende die agtiende eeu telkens self aan wetsoortredings skuldig gemaak.<sup>121</sup> Nadat 'n *kaffer* van Oosterse herkoms in 1786 amok-gehardloop en verskeie mense gedood het,<sup>122</sup> het die Politieke Raad kort daarna besluit om die Asiërs se dienste as *kaffers* op te skort en ander meer geskikte slawe of swartes vir dié werk aan te wend.<sup>123</sup> Dié resoluëie is nooit ernstig opgeneem nie, want teen 1795 was die meeste *kaffers* steeds van Asiatiese herkoms.<sup>124</sup>

Sekere Kompanjieslawe is as *onderbaasen* aangestel wat plaaslike jurisdiëkie oor die Kompanjie se arbeidsmag gehad het.<sup>125</sup> Dit was 'n algemene gebruik om mulat slawe as *onderbaasen* of toesighouers aan te wend. In 1693 is daar melding gemaak van "Jacob Cornelisz, mulat" wat in beheer van vier slawemans en ses slavinne by die Kompanjiesbuitepos te Rondebosch was.<sup>126</sup>

Die *mandoors* was mulatte of kreoolse slawe wat in die slawelosie gebore en opgegroeï het.<sup>127</sup> Die term *mandoor* is afgelei van die Portugese *mandador* wat voorman, opsigter of drywer beteken.<sup>128</sup> 'n Resoluëie van 8 April 1710 maak melding van Johannes Kemp wat in 1693 deur

<sup>116</sup> Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 211.

<sup>117</sup> K.A.B.: SO. 7/34, p. 8: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelve Posten ... , 1802-12-30.

<sup>118</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 193.

<sup>119</sup> N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 109; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 174; R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 4.

<sup>120</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 124.

<sup>121</sup> G.C. de Wet (red.), Resoluëies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 329.

<sup>122</sup> R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, pp. 4 - 5.

<sup>123</sup> H.C.V. Leibbrandt (red.), Requests (Memorials) I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 20 en 22.

<sup>124</sup> R. Ross, The occupations of slaves in eighteenth century Cape Town, *Studies in the History of Cape Town* 2, 1980, p. 5.

<sup>125</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 180.

<sup>126</sup> *Loc. cit.*

<sup>127</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 180.

<sup>128</sup> F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behorende II*, p. 243.



Simon van der Stel as *mandoor* in die slawelosie aangestel is,<sup>129</sup> terwyl hy in 1705 as *mandoor* van die slawemesselaars genoem word.<sup>130</sup> In 1710 was daar volgens Slotsboo se verslag nege *mandoors* in die slawelosie,<sup>131</sup> terwyl ses regeringslawe in 1802 diens as *mandoors* verrig het.<sup>132</sup> 'n Streng militêre roetine is ten opsigte van die losieslawe gehandhaaf. Soggens om ses-uur moes elke *mandoor* met sy groep slawe waaroor hy aangestel is, in die vierkant van die losie vergader.<sup>133</sup> 'n Opname in 1714 het aangetoon dat daar net sewe *mandoors* onder die losieslawe was en dat elk 'n gemiddeld van 66 slawe onder sy toesig gehad het.<sup>134</sup> Na die oggendbyeenkoms het die slawe die losie verlaat om onder toesig en beheer van die *mandoors* hulle dagtaak te verrig. Saans om ses-uur het hulle na die losie teruggekeer waar die *mandoors* die naamrol van hulle onderskeie slawekompanjies afgelees het. Die *mandoors* was verantwoordelik vir die handhawing van orde en dissipline in die losie.<sup>135</sup> Snags moes hulle die kombuis bewaak en enige onreëlmatigheid soggens aan die losie-owerhede rapporteer.<sup>136</sup> Die slawelosie is op 'n daaglikse basis deur die *mandoors* geïnspekteer.<sup>137</sup> Daarbenewens was hulle verantwoordelik vir die uitdeel van klererantsoene aan die Kompanjieslawe. Veeltalige *mandoors* het as spioene in die sekuriteitstronk van die Kompanjie of die donkergat opgetree. In 1705 is 'n *mandoor* wat Chinees kon verstaan in 'n sel saam met 'n bende Chinese boosdoeners geplaas, waarop die bende skuldig bevind en tereggestel is op grond van inligting wat deur die betrokke *mandoor* aan die owerhede verskaf is. Die *mandoors* het spesiale voorregte, soos aparte slaapkwartiere, 'n dubbele kleretoelaag sowel as kleiner persoonlike items, geniet.<sup>138</sup>

Naas die *mandoors* was die *officier jongens* volgende in die losiehierargie. Hulle was in beheer van alle slawemans. Tussen 1718 en 1821 was daar een *officier jonge* vir elke vyf tot agt slawemans. Buiten die klererantsoene het hulle alle rantsoene van alle losieslawe hanteer.<sup>139</sup> Nes die *mandoors* het hulle 'n groter kleretoelaag as die ander losieslawe ontvang.<sup>140</sup>

Terwyl die losieslavinne bedags onder toesig van 'n *mandoor* buite die losie gewerk het, was hulle binne die losie onder toesig van die *losiematrone*.<sup>141</sup> Twee matrones wat by name in dokumentasie voorkom, is Christina Magdalena Smith en Johanna Sophia Maria Fatima van

<sup>129</sup> A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 164.

<sup>130</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 181.

<sup>131</sup> Kaapse Argiefbewaarplek: C. 2419, pp. 14 - 15: Huishouding van E. Comp, 1710.

<sup>132</sup> K.A.B.: SO. 7/34, p. 7: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelve Posten ... , 1802-12-30.

<sup>133</sup> K.A.B.: C. 2419: Attestatiën: Weggens d' huijshouding van d.E. Comp. Slawe Logie, 1710-02-13.

<sup>134</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 182.

<sup>135</sup> D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 202.

<sup>136</sup> K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 65.

<sup>137</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 182.

<sup>138</sup> *Ibid.*, pp. 181 - 182, 183 en 184.

<sup>139</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 183 - 184; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 129.

<sup>140</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 184.

<sup>141</sup> *Ibid.*, p. 198.



**Figuur 48:** Die onderkok of “La Belle Cuisiniere” in die huishouding van lady Anne Barnard, volgens ‘n afbeelding deur lady Anne Barnard self.

Uit: A.M.L. Robinson (red.), *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (Kaapstad, 1973), p. 51.

die Kaap.<sup>142</sup> Onder die losiematrone was die *ondermeesteres*, wat gewoonlik 'n mulat slavin was.<sup>143</sup>

Die vroulike *officiere* het elk 'n gemiddeld van 79 werksmeisies onder hulle toesig gehad en het net soos hulle manlike eweknieë meer klere as die ander slavinne ontvang.<sup>144</sup> Die *binnenmoeders* is onder meer die taak opgelê om die jong slavinnetjies in naaldwerk te onderrig.<sup>145</sup> Deur naaldwerk vir die vryburgers te doen, kon die losieslavinne sakgeld verdien. Hulle moes hulle dienste gratis aan die lede van die Politieke Raad en dié se vrouens beskikbaar stel.<sup>146</sup> *Binnenmoeders* het ook na die jong slawekinders in die bewaarskool en hospitaal omgesien.<sup>147</sup> Die *binnen-* sowel as *buitenmoeders* was gemoeid met die maak van sop en het algemene hulp in die hospitaal verleen.<sup>148</sup> By geleentheid het die Kompanjie die *binnenmoeders* oor toestande in die losie geraadpleeg.<sup>149</sup> Alhoewel dit op 'n sekere mate van gesag dui, het hulle nie dieselfde bevoorregting ten opsigte van rantsone geniet as die ander slawe in gesagsposisies nie.<sup>150</sup>

'n Paar begunstigde slavinne, sowel as slawemans het as *huisbediendes*, *kokke* en *lyfknegte* diens in die huise van die goewerneur en ander belangrike amptenare, soos die predikante van die Kaapse Kerk, verrig.<sup>151</sup> Tydens die Eerste Britse Besetting is drie tot vier losieslavinne aan die huishouding van lady Anne Barnard toegeken, waaronder die "eggenote" van die laksman wat as onderkok diens gedoen het en na wie sy as "La Belle Cuisiniere" verwys het (**Fig. 48**).<sup>152</sup> In 1802 is 'n manlike Kompanjieslaaf aan die huishouding van staatsekretaris Andrew Barnard (1762 - 1807) toegeken.<sup>153</sup> Uit 'n skildery wat in 1760 van kaptein Hendrik Storm, bevelvoerder van die Kaapse garnisoen, en sy twee kinders gemaak is (**Fig. 29**), blyk dit dat elke lid van die gesin 'n lyfbediende gehad het. Sommige Kompanjieslavinne is as *soogvrouens* of *minnemoers* aan amptenare verhuur, soos die gevalle van die fisikaal Diderik Johan Schook wat in 1755 versoek het om Mina van Batavia as voedster vir sy baba na Nederland saam te neem en van die slavin Catryn wat as soogvrou in diens van kaptein Hendrik van der Graaf van

<sup>142</sup> H.C.V. Leibbrandt (red.), Requests (Memorials) I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 247.

<sup>143</sup> G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad VII, 1724 - 1728, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 362.

<sup>144</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 199.

<sup>145</sup> A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 49.

<sup>146</sup> A.J. Böeseke (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 171.

<sup>147</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 199 - 200.

<sup>148</sup> A.J. Böeseke, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 49.

<sup>149</sup> G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 89.

<sup>150</sup> K.A.B.: C. 2431, folio 376: Attestatiën, 1719-08-01; C. 2433, folio 253: Attestatiën, 1720-10-06 of 16.

<sup>151</sup> J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 96; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 124; A.J. Böeseke (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 136.

<sup>152</sup> Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 211.

<sup>153</sup> K.A.B.: SO. 7/34, p. 1: Lyst van de Gouvernements Slaven en derzelver Posten ... , 1802-12-30.

die Artillerie was. In 1789 het Van der Graaf in die vrystellingsreëlings van beide Catryn en haar moeder Hanna die deugde van Catryn as soogvrou van sy babaseuntjie besing. In ruil vir Catryn se vryheid het Van der Graaf 'n gesonde slaaf aan die Kompanjie aangebied.<sup>154</sup>

Kompanjieslawe het tydens onthale en “sচেয়দস্মালে” as **musikante** opgetree.<sup>155</sup> Tydens sy kort besoek aan die Kaap in 1676 het Abraham van Riebeeck melding gemaak van die tafelmusiek tydens die onthaal wat deur goewerneur Joan Bax aangebied is. Die musiek is verskaf deur 'n swart hofmeester wat die “teorbéharp” en 'n jong slaaf wat die luit bespeel het. Volgens Van Riebeeck het die swart hofmeester hom uiters goed van sy taak gekwyt “voornamelijk in de loopjes ende in de praeludia, die hij meesterlijk speelde; dog hij speelde nooyt uyt noten, maer al van buyten”.<sup>156</sup> 'n Week later tydens sy afskeidsmaal is Van Riebeeck weereens onthaal op die “musykgelyt van de harpe en tiorba” wat deur die slawemusikante verskaf is.<sup>157</sup> In die agtiende eeu het Kolbe opgemerk dat die tafel- en dansmusiek tydens huweliksonthale deur “de Muzikanten van den Heer Gouverneur” of deur huishoudelike slawemusikante verskaf is.<sup>158</sup>

Uit voorafgaande beskrywing van die arbeid van Kompanjieslawe in Kaapstad blyk dit dat hulle as arbeidsmag van die Kompanjie 'n groot verskeidenheid take verrig het en as sodanig 'n belangrike rol in die voorsiening in die arbeidsbehoefte van die Kompanjie gespeel het. Tydens die sewentiende en agtiende eeu het hulle 'n belangrike bydrae tot die suksesvolle funksionering van Kaapstad as verversingspos, administratiewe setel en handelsentrum gelewer. Danksy die arbeid van die Kompanjieslawe is die voortbestaanskrisis van die nedersetting in die beginjare afgeweer en sou hulle onteenseglik 'n betroubare en belangrike bron van goedkoop arbeid vir die besparingsbewuste Kompanjie wees.

#### b. Privaatslawe

Teen die middel van die agtiende eeu was daar ongeveer 1 203 slawe in privaatbesit in Kaapstad teenoor die 506 Kompanjieslawe.<sup>159</sup> Kaapstadse privaatslawe het aan vryburgers, vryswartes, sowel as aan Kompanjiesamptenare behoort<sup>160</sup> en het hulle hoofsaaklik binne drie arbeidsektore, naamlik die huishoudelike, produksie- en besigheidsektor bevind. Alhoewel daar na die 1820's wel 'n groter mate van arbeidsverdeling was,<sup>161</sup> is die arbeid van privaatslawe in die stedelike gebied, veral in die kleiner huishoudings, deur oorvleueling van take gekenmerk. 'n Enkele slaaf moes in sommige gevalle 'n wye verskeidenheid take verrig wat in 'n sekere sin

<sup>154</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 308.

<sup>155</sup> V. de Kock, *Those in bondage*, p. 92.

<sup>156</sup> J.M. van Riebeeck, *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (red. D.B. Bosman), p. 48; J. Bouws, *Solank daar musiek is ...*, p. 11; J. Bouws, *Slawemusiek in vergange se dae*, *Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser* 90, 1976, p. 10; R. Raven-Hart (red.), *Cape of Good Hope 1652 - 1702: The first fifty years of Dutch colonization as seen by callers I*, p. 194; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 92.

<sup>157</sup> J.M. van Riebeeck, *Briewe van Johanna Maria van Riebeeck en ander Riebeeckiana* (red. D.B. Bosman), p. 52; J. Bouws, *Slawemusiek in vergange se dae*, *Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser* 90, 1976, p. 10.

<sup>158</sup> P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 306.

<sup>159</sup> N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 157, n. 83.

<sup>160</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 140.

<sup>161</sup> R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 160.

die veelsydigheid van die Kaapstadse slaaf beklemtoon. In die 1850's het die gegoede Kaapstadse burger en bibliofiel, Joachim von Dessin, so 'n veelsydige slaaf aangekoop. Jason van Madagaskar was 'n bekwame kok wat "kookkan, als meede ook alderhanden gebakken van taartens, banketten, marsepijnen, en ander zuikerwerk weet te maaken, ook kan denselven op de fluijt, hobooij en waldhoorn speelen ...".<sup>162</sup> Inderdaad 'n goeie kopie!

Tydens die Eerste Britse Besetting (1795 - 1803) het kaptein Robert Percival opgemerk dat die slaaf wat sy eienaar aan tafel bedien het, ewe knap met die naald, els, byl, skaaf, troffel en kwas was.<sup>163</sup> Lichtenstein was in die eerste dekade van die negentiende eeu veral deur die veelsydigheid van die privaatslawe beïndruk: "At a nod the cook exchanges his saucepan for a flute, the groom quits his curry-comb and takes his violin, and the gardener throwing aside his spade sits down to the violoncello."<sup>164</sup>

In die huishoudelike sfeer van veral die groter huishoudings was daar 'n neiging tot arbeidsverdeling,<sup>165</sup> terwyl 'n slaaf in die kleiner huishoudings oor die algemeen 'n verskeidenheid take moes verrig.<sup>166</sup> In die *Slaweregister* is talle aanduidings van slawe wat gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu vir meer as een taak in die huishouding verantwoordelik was. In 1817 het drie van die slavinne in die huishouding van Henry Alexander elk twee take gehad. Rachel van die Kaap was beide huisbediende en naaldwerkster, terwyl Jacoba van die Kaap huis- sowel as kinderbediende was en Eva van die Kaap die take van naaldwerkster en kinderoppasser moes verrig.<sup>167</sup> In die huishouding van Johanna Brink het Regina van die Kaap die kook- sowel as naaldwerk behartig.<sup>168</sup> Africa van die Guinese kus het as koetsier sowel as kok in die huishouding van Hendrik Blanckenberg diens verrig.<sup>169</sup>

Die lewering van huishoudelike dienste was een van belangrikste funksies van stedelike slawe.<sup>170</sup> Volgens De Jong was daar in die 1790's tien tot twaalf slawe in die gemiddelde Kaapse huishouding,<sup>171</sup> terwyl Percival tydens die Eerste Britse Besetting opgemerk het dat byna alle gegoede huishoudings tien tot vyftien en selfs twintig slawe gehad het en dat daar in die minder gegoede huishoudings ses tot twaalf slawe in diens was.<sup>172</sup> In 1806 het Hudson waargeneem dat selfs die stedelike huishouding van 'n pasgetroude paartjie tien, twaalf en twintig slawe gehad het.<sup>173</sup> In 1825 het ook Teenstra na die talrykheid en onmisbaarheid van

<sup>162</sup> J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishou in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 60.

<sup>163</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 247.

<sup>164</sup> H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806*, I, p. 34.

<sup>165</sup> K.A.B.: SO. 6/8 - SO. 6/35: Register of Slaves, Cape Town and district, 1816 - 1838.

<sup>166</sup> D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 209.

<sup>167</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 47: Register of Slaves, 1817-02-18.

<sup>168</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 26: Register of Slaves, 1816-05-29.


<sup>169</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 29: Register of Slaves, 1816-05-31.

<sup>170</sup> N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 37.

<sup>171</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, I, p. 143.

<sup>172</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 283.

<sup>173</sup> R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.



**Figuur 49:** Die Roggebaaise vismark aan die mond van die Varsrivier, waar slawestuurjongens die vis vir die Kaapse huishoudings moes gaan haal, volgens 'n pen-en-inktekening in 1833 deur die amateurkunstenaar, sir Charles D'Oyly in die Kaapse Argiefbewaarplek, no. A 3131.

Uit: A. Gordon-Brown (samesteller), *The Cape sketchbooks of sir Charles D'Oyly 1832 - 1833 depicting Cape Town, the countryside and neighbouring villages* (Kaapstad, 1968), plaat 116.




**Figuur 50:** Groentemarkplein – handelsentrum en algemene bymeekaarkomplek van Kaapse slawe wat gekoop, verkoop en sosiaal verkeer het en vanwaar vars vrugte en groente deur die stuurjongens vir die huishoudings gehaal is, volgens 'n pen-en-inktekening deur sir Charles D'Oyly in die Kaapse Argiefbewaarplek, no. A 2999.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 24.



**Figuur 51:** 'n Waterhalerslaaf, volgens 'n tekening deur D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/101.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 119.



**Figuur 52:** Kaalvoet waterdraers, volgens 'n tekening deur D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/6.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 89.



**Figuur 53:** Die klassieke wyse waarop 'n swaar waterhouer deur twee Kaapse slawe gedra is, volgens 'n watervrtekening deur Henry Clifford de Meillon in die eerste helfte van die negentiende eeu in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.


Uit: Anna H. Smith (red.), *Cape views and costumes. Water colours by H.C. de Meillon in the Brenthurst Collection Johannesburg* (Johannesburg, 1978), p. 72.



**Figuur 54:** Die geroesmes van waterhalers by die pomp aan die bo-punt van die Heerengracht, volgens 'n tekening in 1833 deur sir Charles D'Oyly in die Fehr-versameling, Kaapstad.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 25.





**Figuur 55:** Die Hurling-swaaipomp in Prinsstraat, op die hoek van die Zorgvliet-tuin, volgens 'n waterverftekening in 1824 deur die kunstenaar J.F. Cromfield.

Uit: A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana* (Kaapstad, 1975), p. 91.

slawe in die Kaapse huishouding verwys.<sup>174</sup> De Jong het 'n omvattende, alhoewel nie volledige weergawe van die arbeidsverdeling tussen slawe van 'n redelik gegoede Kaapse huishouding gegee:

Een of twee jongens moeten dagelijks hout halen en besteden daar den gantschen dag toe. Als de vrouw van het huis uitgaat moeten 'er twee jongens tot de draagstoel zijn. De slaaf, die kok is, heeft in de kombuis een handlanger bij zich. Een doet dagelijks het vuilste werk, alzoo men geen doorlopende gemakken heeft; en twee zijn huisslaven. Vele Kaapsche vrouwen niet gaarne zonder meid in haar kamer slapende, zoo wordt 'er daar alleen eene voor gehouden, die, beter gekleed dan de anderen, te gelijk de post van kamenier waarneemt, en het Psalm-Boek achterna draagt, als men naar de kerk gaat. Zijn 'er kinderen, zoo heeft ieder of somtijds twee dochtes te zamen eene meid. Voor een klein kind is 'er een alleen noodig. Nu ontbreekt 'er nog eene, die wast, die bedden opmaakt, eene naaister, eene bruidster, waarmede 'er altoos drie en vier worden bezig gehouden, en nu heb ik nog niets voor de stal.<sup>175</sup>

Voorafgaande beskrywing dien as raamwerk vir 'n meer volledige bespreking van die onderskeie take van huishoudelike slawe in Kaapstad. As aanvulling dien Hudson se beskrywing in 1806 van die slawe en hulle onderskeie take in die huishouding van 'n pasgetroude Kaapse paartjie.<sup>176</sup>

Wat huishoudelike arbeid betref, word tussen buitenshuisse en binneshuisse take onderskei. Van die buitenshuisse take wat deur die **slawestuurjongens** verrig is, was die haal van pluimvee, vis, groente, water en vuurmaakhout. Pluimvee moes by die nabygeleë plase gehaal word,<sup>177</sup> terwyl vis by die vismark<sup>178</sup> (**Fig. 49**), vrugte en groente by Groentemarkplein (**Fig. 50**) en water vir huishoudelike gebruik deur een of twee slawe<sup>179</sup> (**Fig. 51, 52 & 53**) by die fontein op die Parade,<sup>180</sup> die pomp aan die bo-punt van die Heerengracht<sup>181</sup> (**Fig. 54**) die pomp op Groentemarkplein<sup>182</sup> (**Fig. 42**) en die Hurling-swaaipomp in Prinsstraat<sup>183</sup> (**Fig. 55**), gehaal is. Behalwe vir water by die "daartoe gemaakte fonteynen, op het plein binnen 't Casteel, [en] de waterbakken aan 't hoofd" is dit ook, volgens 'n plakkaat van 1708, deur slawe "uijt de loopende rivieren"<sup>184</sup> geskep. Slawe van huishoudings aan die bo-punt van Kaapstad moes

<sup>174</sup> M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 372, 373 en 395.

<sup>175</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 143 - 144.

<sup>176</sup> R.C.-H. Shell, S.E. Hudson on Marriages and other customs at the Cape, *Kronos* 15, 1989, pp. 56 - 57.

<sup>177</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 101.

<sup>178</sup> W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 159; C. Pama, *Regency Cape Town*, p. 52.

<sup>179</sup> G.M. Theal, *History of South Africa V*, p. 246.

<sup>180</sup> J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 128; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 118 en 133.

<sup>181</sup> C. Pama, *Regency Cape Town*, p. 25.

<sup>182</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 118.

<sup>183</sup> A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana*, p. 91.

<sup>184</sup> K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, p. 9.



**Figuur 56:** Plesierige stuurjongens of bodes, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/74.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 112.

ongeveer 'n half myl (800 meter) loop en 'n hele aantal ure bestee om water by die Parade – wat tussen die dorp en die Kasteel geleë is – te tap en in emmers aan 'n juk oor hulle skouers na die huishoudings aan te dra.<sup>185</sup> As belangrikste watervoorsieningsbron aan die dorp se inwoners,<sup>186</sup> was daar 'n voortdurende toeloop van **waterhalers** wat heeldag om 'n waterbeurt by die pomp gestry, gestoei en baklei het.<sup>187</sup> Volgens die fisikaal het die ongeveer duisend slawe, wat die pomp op 'n deurlopende basis besoek het, die aanstelling van twee polisiemanne om vrede en orde te handhaaf, genoodsaak.<sup>188</sup> Slawestuurjonge en **kruiers** het ook as draers van ware en boodskappe opgetree (**Fig. 56**). In 1819 is Abraham van die Kaap in 1819 as 'n kruier van Abdol Rachmat in die *Slaweregister* aangeteken,<sup>189</sup> terwyl Anthony van die Kaap in 1825 as kruier van Abdol Ganie van Ambon gelys is.<sup>190</sup>

Die kap en bymekaarmaak van brandmateriaal deur die **brandgoedhalers** was 'n minder aangename taak wat uitsluitlik op die skouers van een, twee of selfs drie sterk slawemans van oorwegend Mosambiekse herkoms in die huishouding gerus<sup>191</sup> en hulle 'n hele dag lank besig gehou het.<sup>192</sup> Die eerste slawe wat lady Anne Barnard met haar aankoms by die Kaap opgeval het, was die houthalers wat die aand oor 'n afstand van 8 tot 10 myl (ongeveer 13 tot 16 kilometer) met bondels hout aan weerskante van 'n paal oor hulle skouers, na die huishoudings van hulle meesters teruggekeer het. In haar joernaal het sy 'n simpatieke en insiggewende prentjie van die voorkoms en daaglikse lot van 'n Kaapse houthalerslaaf geskets:

“ ... the poor fellow sets off each morning before day break, without shoes or Stockings, and but a very scanty proportion in general of other covering, each has a handkerchief tied around his head, chiefly of a crimson check pattern, the only bit of clothing that a slave is rarely seen without, he carries with him his provisions for the day which he eats when he gets to the farthest point of his Journey. Sleeps a few hours during the heat then searches about for wood to load his pole ... to which at each end he ties his bundle of faggots, and heavy would the double load be, were it not that one of the bundles is his own he sells it therefore for his private use, ...<sup>193</sup>

Van die slawe wat in die negentiende eeu sekere Kaapstadse huishoudings van hout moes

<sup>185</sup> J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 392; B.F. von Bouchenroeder, *Beknopt berigt nopens de volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop*, p. 157.

<sup>186</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 133.

<sup>187</sup> J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 392.

<sup>188</sup> V. de Kock, *Those in bondage*, p. 54.

<sup>189</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 65: Register of Slaves, 1819-11-10.

<sup>190</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 64: Register of Slaves, 1825-05-04.

<sup>191</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1792, I*, pp. 141 en 143; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa I*, p. 20; G.M. Theal, *History of South Africa V*, p. 246.

<sup>192</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1792, I*, pp. 41 en 43; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 287; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 70.

<sup>193</sup> Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 157.

voorsien, was onder meer Thomas van Mosambiek,<sup>194</sup> April van Mosambiek<sup>195</sup> en Demiso van Mosambiek.<sup>196</sup> Weens 'n toenemende tekort aan die natuurlike houtvoorraad, was brandhout inderdaad 'n skaars en waardevolle kommoditeit in Kaapstad en die bymeekaarmaak daarvan 'n tydrawende en veeleisende taak.<sup>197</sup> Dit het tot gevolg gehad dat slawe soms oor afstande van drie tot vier ure<sup>198</sup> of vyf tot twaalf myl (agt tot twintig kilometer)<sup>199</sup> vanaf Kaapstad brandhout moes bymeekaar maak. Dit het onder meer die uitgrawe van kreupelhoutwortels (*Leucospermum conocarpodendron*) in die sanderige Olifantsvallei tussen die Tygerberg en Valsbaai behels.<sup>200</sup> Andersins is hout te voet teen die rotsagtige hange en in die klowe agter Tafelberg in die Houtbaai-omgewing<sup>201</sup> en aan die voet van die berge rondom Kaapstad versamel. Die kaal voete van die houthalers is erg deur die laaggroeiende, doringagtige *ziekte-troost* bossie verniel.<sup>202</sup> Brandmateriaal wat bymeekaar gemaak is, het volgens Thunberg onder meer "... stems and roots of the Protea grandiflora, conocarpa, speciosa, hirta mellifera and argentia, a few species of Erica and some sorts of Brunia" behels.<sup>203</sup> Voorts is die Kaapse brandgoed deur Valentyn as "eenig slegt kreupelbosch ... stronken en knoesten" beskryf.<sup>204</sup> Silwerboomhout is ook vir branddoeleindes aangewend.<sup>205</sup> Tydens hierdie moeisame houtsoekogte het slawe hulleself in die winter soms om 'n vuurtjie warm gemaak, 'n pypie gerook en gesels,<sup>206</sup> terwyl hulle hulle daaglikse voedselrantsoen van brood met skaapstertvet en 'n porsie gedroogde vis geëet het.<sup>207</sup> Groepies houthalers het soms in die Kaapstadse strate gedobbel, musiek gemaak en gelawaai.<sup>208</sup>

Benewens brandhout, is ook timmerhout deur die slawe teen die berghange versamel.

<sup>194</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 39: Register of Slaves, 1816-12-21.

<sup>195</sup> K.A.B.: SO. 6/12, p. 45: Register of Slaves, 1817-02-06.

<sup>196</sup> K.A.B.: SO. 6/13, p. 55: Register of Slaves, 1816-07-01.

<sup>197</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, I, p. 141; *Ibid.* II, p. 67; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 295 - 296; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 54; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 122.

<sup>198</sup> C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, I, p. 141.

<sup>199</sup> R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 287; *Gleanings in Africa*, p. 59.

<sup>200</sup> O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 91; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 122 - 123.

<sup>201</sup> F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85*, I, p. 87; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 48; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa I*, p. 20; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 122.

<sup>202</sup> C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 123 - 124.

<sup>203</sup> *Ibid.*, p. 160.

<sup>204</sup> F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende II*, p. 216.

<sup>205</sup> J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa I*, p. 19; C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, II, p. 67.

<sup>206</sup> W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 39.

<sup>207</sup> *Gleanings in Africa*, p. 59.

<sup>208</sup> J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 53.